

ROEPING & RIGLYNE

TERMYNBLAD VAN DIE VERENIGING
VIR CHRISTELIKE HOËR ONDERWYS


ISSN 1029-8754

KONGRESUITGAWE

Jaargang 64 Nr. 1



Februarie/Maart 2016



Staan ons onderwys in die waarheid van die Woord?

SO BELY DIE VCHO SY:

DOEL:

Die bevordering van

- ◆ Christelike opvoeding,
- ◆ Christelike onderwys en
- ◆ Christelike wetenskap

“Die hele Skrif is deur God in-gegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot tereg-wysing, tot onderwysing in die geregtigheid, sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus.” (2 Tim. 3:16 en 17).

GRONDSLAG

Ooreenkomstig die Calvinistiese Hervorming: die Heilige Skrif as die onfeilbare, geïnspireerde Woord van God, in sy geheel en in al sy dele.

“Die vrees van die HERE is die beginsel van die kennis; sotte verag wysheid en tug.” (Sprenke 1:7)

“Aan My is gegee alle mag in die hemel en op die aarde. Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het.” (Matteus 28:18-19).

MISSIE

Om deur die bevordering van Christelike opvoeding, onderwys en wetenskap, toegespits op ons eie volk, persone en instellings te lei om op alle terreine tot eer van God te lewe en te werk – vgl. Hand. 1:8 ■

SKRIFLIG

Johannes 16:7-14

DIE GEES GETUIG: DIE BYBEL IS DIE WOORD VAN GOD

“Wanneer Hy kom, die Gees van die waarheid, sal Hy julle in die hele waarheid lei. Wat Hy sal sê, sal nie van Homself kom nie: Hy sal net sê wat Hy hoor ...” Joh. 16:13

Die getuienis van die Heilige Gees is voortrefliker as enige verstandelike beredenering. God alleen is in sy Woord 'n voldoende getuie aangaande Homself. Net so sal die Woord ook nie in die mense se harte aanvaar word, voordat dit deur die innerlike getuienis van die Gees beseël is nie.

Dus, dieselfde Gees wat by monde van die profete gespreek het, moet tot in ons harte deurdring om ons te oortuig dat hulle getrou verkondig het wat God hulle beveel het. En hierdie skakel word baie paslik deur Jesaja uitgedruk in hierdie woorde: “My gees wat op jou is, en my woorde wat Ek in jou mond gelê het en in die mond van jou kroos, sal in ewigheid nie wyk nie.” (Jes. 59:21).


Dit moet dus vas bly staan dat hulle wat deur die Heilige Gees geleer is, volkome rus vind in die Skrif en dat dié Skrif sonder twyfel sy geloofwaardigheid in homself het. Dit mag nie aan bewysvoering en redenering onderwerp word nie.

Nogtans verkry dit die sekerheid wat dit onder ons verdien deur die getuienis van die Gees. Want al verwerf die Skrif ook deur sy

eie majesteit vir homself eerbied, werk dit tog eers ernstig op ons in wanneer dit deur die Gees in ons harte beseël is.

Verlig deur sy krag, glo ons nie meer op grond van ons eie en ander se oordeel dat die Skrif van God af kom nie. Verhewe bo menslike oordeel, stel ons wel bo alle twyfel vas dat dit, deur die diens van mense, uit God se eie mond na ons gekom het. Dit is asof ons dáár die Godheid van God aanskou.

Inst. 1, 7, 4 en 5

O Gees van God, ons bid dat U die Woord vir ons 'n steeds wonderliker openbaring wil maak. 

IN HIERDIE UITGAWE

Verwelkoming	3
Kongresprogram	4
Ontmoet ons referente	5
Christelike opvoeding	10
Kruis-evangelie	11
Geld wat stom is	12
Bedankings	16

Verwelkoming van kongresgangers

Onderwys, ons jongmense en die toekoms

Die aanbied van 'n gesamentlike kongres, soos bekendgestel, vind plaas te midde van 'n groeiende onderwyskrisis in Suid-Afrika. Terwyl vanuit owerheidsweë ongesteurd met die heersende onderwysmodel voortgestoom word, is daar talle aanduidings dat dit nie so sal kan voortduur nie. Gesaghebbende bronne, navorsing en verslae uit verskeie oorde dui alles daarop dat ons met 'n groterwordende vraagstuk in die onderwys te kampe het. Nadenkende mense in die onderwysgemeenskap besef dat op hierdie ingeslane weg nie volhard sal kan word, sonder dat daar gevolge sal wees nie. Hulle besorgdheid oor ons jongmense en die toekoms is gegrond. Indien daar nie tydig met drastiese regstelling/hervorming vorendag gekom word nie, moet ons nie verwag dat dit met ons jongmense en die toekoms van ons land op die lange duur goed sal gaan nie.

Ons kongrestema artikuleer juis ook dit. Onderwys is na ons mening by die keerpunt en indien ons nie self met beslistheid toetree en die koers en gang daarvan vir die nageslag mede-bepaal nie, sal ons en hulle die gevolge moet dra. Dan gaan ons 'n toestand tegemoet waarin nie net ons jongmense met die nawerking van ontoereikende onderwys te kampe gaan hê nie, maar waarin die toekoms van Suid-Afrika ernstig in gedrang gebring sal word. Die kongres is daarop gerig dat aan ouers, onderwysers en ander belanghebbendes dié na ons oordeel enigste alternatief wat die verloop van sake in Suid-Afrika ten goede sal kan bepaal, voorgestel word: konsekwent Christelike onderwys/opleiding.

Onderwysbenadering is deur-slaggewend

Christelike onderwys/opleiding beleef in die praktyk ongekende groei in SA, en dit ten spyte daarvan dat ander onderwysbenaderings tans nog die oorwegend openbare steun geniet. Daar moet bepaalde oorwegings bestaan waarom ouers en voornemende studente egter toenemend voorkeur gee aan Christelike onderwys/opleiding. Hierdie ouers en studente besef klaarblyklik dat onderwys wat op die Christelike grondslae berus, belangrike positiewe implikasies vir die praktyk van ons elkedagse bestaan inhou as die enigste alternatief wat 'n hoopvolle toekoms kan ontsluit. Gemeenskappe en die samelewing word in die algemeen en besonderlik deur die Christelike benadering begunstig, danksy die regte lewenshouding en toegerustheid vir die uitlewing van verantwoordede ideale.

Jongmense wil/moet toegerus en voorbereid wees vir die nuwe uitdagings wat die 21ste eeu stel, en vind dat Christelike onderwys/opleiding by voorkeur die antwoorde kan verskaf om 'n onseker toekoms in 'n snelveranderende wêreld tegemoet te kan gaan. Die keuse ten gunste van Christelike onderwys/opleiding word derhalwe 'n almeer aantreklike opsie. Verskeie akademies/instellings vir hoër onderwys wat hierdie groeiende behoefte neem het (het) gevolglik oor die afgelope dekades tot stand gekom, en is besig om in hierdie soort onderwys/opleiding te voorsien. Beraadslaging die afgelope jaar of langer het hierdie akademies/instellings voor die dringendheid van bepaalde optredes te staan gebring, wat o.m.

in hierdie kongres kulmineer. Daar is naamlik die intense behoefte dat op die terrein van Christelike onderwys/opleiding gekonsolideer word in landsbelang en tussen onderskeie rolspelers.

U is hartlik welkom en u deelname is belangrik

Ons rig hiermee 'n verwelkoming aan elkeen wat die moeite en die tyd geneem en ingeruim het om ons met hulle teenwoordigheid en deelname en te vergas. Ons vertrou dat die kongresinkleding en die inhoudelike van aanbiedinge aan die verwagtinge waarmee elkeen hierheen gekom het, sal beantwoord. U teenwoordigheid is vir ons belangrik, aangesien die sukses van die kongres grootliks sal afhang van u betrokkenheid, bydraes gedurende gesprekstyd en die gees en gesindheid waarin u gaan deelneem. Wees daarom hartlik welkom!



Ontmoet ons Referente

'n Bekendstelling van die sewe referente, word in die volgorde waarin hulle tydens die Kongres sal optree, geplaas (vanaf bl. 4). Dit behels 'n verkorte CV, asook 'n aanduiding van die besondere fokus t.o.v. die onderwerp wat deur elkeen behandel sal word.

Kongresprogram

Donderdag
3 Maart

Vrydag
4 Maart

Registrasie. Koffie/Tee en
ligte verversings

8:00

Registrasie. Koffie/Tee en
ligte verversings

Opening

9:00

Opening

Christelike Onderwys in
Suid-Afrika ontwikkel die
afgelope dekades
onstuitbaar – ds. Hannes
Noëth

9:30

Toegerus en voorbereid:
Christelike vorming met die
oog op 'n post-Christelike en
post-moderne lewenskonteks
– prof. Johan Bosman

Christelike identiteit
en die beliggaming
van Christus –
dr. Morné Diedericks

10:15

Lewensoriëntering in 'n multi-
religieuse samelewing:
geleentheid of verleentheid
– ds. Willem van Schalkwyk

Teetyd

10:55

Teetyd

Christus ons enigste Leer-
meester: Christelike begin-
sels wat onderwys/oplei-
ding onderlê, t.w.v. ons
praktiese bestaanswyse
– dr Wikus Buys

11:15

Die praktykmaking van
privaatonderwys/-opleiding
– mev. Lucia van Wyk

Kenmerke van Christelike
onderwys en opleiding en
die praktiese implikasies
daarvan – prof. Johan van
Niekerk

11:55

Onderwyser akkreditasie-
opleiding (word as 'n faset
van die kongres aangebied)
– mev. Lucia van Wyk

Bespreking

12:35

Bespreking

Middagete

13:00

Middagete

Afsluiting

13:45

Afsluiting

Ontmoet ons Referente



Ds. Hannes Noëth

Hannes Noëth (gebore 11/08/1974) word groot in die Suid-Wes Vrystaat op die plaas *Twyfelhoek*, geleë tussen Petrusburg en Koffiefontein. Hy matrikuleer as hoofseun aan die Hoërskool A.J.C. Jooste in 1992 en begin in 1993 met sy studies aan die P.U. vir CHO. Hy behaal die volgende grade: B.A. (1996); Th.B (1999 Cum Laude); Th. B. Honneurs (2000 Cum Laude); Th.M (2005 Cum Laude). Hy behaal in 2002 'n diploma (Potchefstroom) in Bybelse berading en 'n diploma in Trauma-berading aan UP in 2006. Hy is (2016) besig met sy Ph.D by die UOVS met 'n proefskrif oor die voorsienigheid van God tydens die Anglo-Boereoorlog. Sewe publikasies verskyn uit sy pen waarvan die pastorale boek *Depressie: Struikelblok of uitdaging* tans 'n vierde keer herdruk word. Sy liefde vir die geskiedenis maak hom mede-redakteur van die publikasie *Van Seringboom tot Kerkgebou: Die argitektoniese erfenis van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika*. Hy tree as rubriekskrywer op vir Media24 en Maroela Media en verskeie populêre artikels verskyn uit sy pen vir verskeie tydskrifte. As predikant bedien hy die gemeentes Wolmaransstad (2000-2006); Naboomspruit (2006-2010); Kimberley (2010 – 2013). Sedert 2014 is hy predikant van die Gereformeerde Kerk Totiusdal met

die besondere opdrag *Onderwysontwikkeling*. As direkteur van die *Instituut vir Christelike Onderwys* en hoof van *Die Gereformeerde Skool Dirk Postma* hou hy hom besig met onderwysontwikkeling. Hy is getroud met Rina ('n onderwyseres uit Potchefstroom) en die egpaar het vier kinders, naamlik Henning (17); Marli (15); Hanri (12) en Esna (3). Sy lewensfilosofie kan saamgevat word in een sin: *Sonder 'n historiese bewussyn het ons geen toekoms nie*.

Fokus van referaat

Wat met *Christelike onderwys* opsigself bedoel word is sterk reeds 'n tema wat selfstandigheid verdien. In hierdie lesing word nie daarop gefokus nie. "*In Suid-Afrika*" is 'n komplekse aanduiding wat selfstandigheid verdien want Suid-Afrika is 'n gekompliseerd saamgestelde land – hierdie lesing gaan ook nie daarop fokus nie. Die *tydsraamwerk van afgelope dekades* is misleibaar en onseker – ons gaan ons ook nie die tydsbestek vandag in hierdie tydsraamwerk laat vervaag nie. Die fokus van hierdie referaat lê sterker en dieper – alle klem word eerstens gevra vir die term *ontwikkeling* want wanneer ontwikkel onderwys dan? En in besonder Christelike onderwys – is dit aan die reformeer of aan die deformeer? Was daar enige vordering in Suid-Afrika sedert die oprigting van die CNO-skole na die Anglo-Boereoorlog? In die tweede plek fokus ons op die woord *onstuitbaar*. Is dit nie 'n aanmatige toe-eiening van die onderwys vir die Christelike geloof as 'n mens redeneer dat die ontwikkeling onstuitbaar is nie? Is verbonds-onderdig ooit stuitbaar? Hierdie referaat poog om aan te toon dat Christelike onderwys in Suid-Afrika ontwikkel die afgelope dekades onstuitbaar. Onder bogenoemde fokuspeunte *ontwikkeling* en *onstuitbaar* kom die volgende aan die orde:

- Onderwys in Suid-Afrika (1652 tot vandag) – 'n voëlvlug oor gister
- Christelike onderwys in Suid-Afrika (enkele hoofpunte) – meer vrae as antwoorde
- Groeiende ontwikkeling – Ja of nee?
- Onstuitbaar – 'n Belydenis roeping



Dr. Morné Diedericks

Morné Diedericks is gebore in Pretoria op 30 Desember 1987. Hy lê belydenis van geloof af in die Gereformeerde gemeente Middelburg. Hy het gematrikuleer aan die Gimnasium Hoërskool Potchefstroom in 2005. Hy verwerf sy graad in B-Th Tale by die Noordwes-universiteit, sy honneurs in Kerk- en Dogmageskiedenis by die Calvyn Instituut van die Universiteit van die Vrystaat, sy Meestersgraad in dogmatiek en PhD in die Filosofie van die Opvoedkunde aan die Noordwes-Universiteit. Hy is tans Akademiese Operasionele Bestuurder aan die Akademie vir Reformatoriese Opleiding en Studies (Aros). Hy is getroud met Magda Kok en hulle het twee kinders, Marike en Willene.

Fokus van referaat:

Christelike onderrig begin by die belydenis in Jesus Christus as

Vervolg op bl. 6

Vervolg van bl. 5

Verlosser. 'n Christen is die eiendom van Jesus Christus. 'n Onderwyser se belydenis dat hy/sy 'n Christen is behoort ernstig opgeneem te word. 'n Christenonderwyser se belydenis van geloof in Jesus Christus behoort die onderwyser dag na dag voor die vraag te stel: Wat is die implikasies van Christus se beslag op my lewe?

God se inwoning deur die Heilige Gees in sy kinders se liggame moet nie as mistiek beskou word nie, maar dit is 'n werklike inwoning. Waar God se kinders gaan daar bewoon God die aarde. God se bewoning van sy kinders deur die Heilige Gees behoort die vertrekpunt te wees van denke oor Christelike identiteit. Vanuit hierdie denke oor Christelike identiteit spruit ook die inrig en ontwikkeling van Christelike onderrig.

Dr. Wikus Buys



Abraham Lodewikus Adriaan Buys is tans predikant van die gereformeerde kerk Innesdal. Hy begin sy teologiese studies aan die TSP in Potchefstroom in 1986 en is ook 'n student van J.A.L. Talljaard in filosofie. Nadat hy in 1992 die BTh graad verwerf doen hy sy militêre opleiding. In 1993 word hy predikant van die gereformeerde kerk Piet Retief. In 2000 ontvang die Huygens-beurs van die Nederlandse regering om by die Archief- en Documentatiecentrum, onder leiding van

prof. G. Harinck te Kampen, navorsing te doen oor die ekklesiologie van K. Schilder, waaroor hy in 2003 by die UFS doktoereer. Vanaf 2003 is hy ook navorsingsgenoot by die UFS en werk op die trinitariese gemeenskapsidee van Jonathan Edwards. Vanaf 2000 -2010 is hy predikant van die gereformeerde kerk Pietersburg-Noord. Doen in Mei-Junie 2007 by die *Universitäts- und Landesbibliothek* van die *Westfälische Wilhelms-Universität* in Münster, Duitsland, navorsing oor die temas: die invloed van die logos-begrip by Heraklitus op die post-moderne hermeneutiek en die invloed op hedendaagse teologie. Hy lewer ook nasionaal en internasionaal lesings oor aktuele teologies-filosofiese onderwerpe. Hy is ook vanaf 2008 met kerklike opdrag gestuur na Aros as direkteur navorsing en identiteitsontwikkeling. Tans konsentreer sy nadenke rondom die tema van vrye gemeenskap en die Christelike filosofie van die opvoedkunde.

Fokus van referaat

Die geskiedenis van die filosofie van die onderwys wys duidelik sekere groot gletserskeure. Een daarvan is die skeiding van kerk en staat, wat in die onderwys vergestalt as die algehele skeiding van geloof en wete.

Die vraag is dus: Wie het die kinders gekry met die egskeidingsbevel? Die gevolge van die radikale sekulêre skeiding tussen kerk en staat na die reformasie. Christelike onderwys verskraal tot verlossingsleer. Geloof is verkerklik en vergeestelik terwyl wete en wetenskap verwêreld is met 'n mensdom wat kinders afrig om aktief sonder God klaar te kom.

Met die 9/11 gebeure is die dood van die post-modernisme ingelui. In Europa vergestalt hierdie post-moderne ondergang in die identiteitsdebat wat die immigrante krisis in Europa, en spesifiek die Europese Unie no vore bring.

Vroeë kenmerke van wat die post-post-moderne tydperk kenmerk is o.a. opkoms van radikalisme en fundamentalisme en religieuse fanatisme.

Die Dooyeweerdiaanse religieuse grondmotief van vryheid/natuur as deskriptiewe merke binne hierdie debat kan sinvol aan die debat nuwe stimulus verskaf.

Nie net die versoeningsvraag oor vryheid en natuur nie, maar die transendentale teleologiese aspek daarvan is van belang. Met ander woorde dat die onderwys moet help dat die nageslag, en dus die toekoms, alhoemeer word wat hulle in die transendentale is. Kry die kinders vry.

Vir die onderwys en opleiding beteken hierdie lyne prakties die volgende

1. Bely en be-leer: Ons enige leermeester is Jesus Christus.
2. Beleef die liefdesgebod as basis van die onderrig en leer
3. Die vrygemaakte onderrig gemeenskap.
 - 3.1 Die vry vergadering van die akademiese heiliges
 - 3.2 Om te leer ken in 'n vry en veilige gemeenskap
 - 3.3 Vry om te wees wat jy in Christus is.
 - 3.4 Verbondsmatige theosis implikasie: om deelgenote te word van die goddelike natuur.
4. Praktiese onderwys implikasies:
 - 4.1 Onontkenbare onderwys Gesag
 - 4.2 Gedefinieerde onderrig Gemeenskap
 - 4.3 Geheiligde onderrigkultuur
 - 4.4 Vermenigvuldigende onderwysende medewerking
 - 4.5 Hoopvolle toekoms onderrig

Vervolg op bl. 7



Prof. Johan van Niekerk

Eldridge Johannes (Johan) van Niekerk was onderwyser in Afrikaans en Engels in Victoria-Wes in die middel van die Karoo vir 2 jaar vanaf 1979 en daarna onderwyser en departementshoof aan die HTS Port Elizabeth voordat hy in 1988 dosent by Unisa geword het. Hy is tans professor aan die Universiteit van Suid-Afrika waar hy Onderwysbestuur doseer. Sy MEd het hy aan die destydse Universiteit van Port Elizabeth verwerf en sy DEd (1993) aan die Universiteit van Suid-Afrika. Hy het wyd in geakkrediteerde tydskrifte oor temas in die Historiese Opvoedkunde en Onderwysbestuur gepubliseer, en ook verskeie hoofstukke in boeke en artikels in ander tydskrifte gepubliseer. Hy stel veral belang in navorsing oor onderwerpe rakende Christelike onderwys, leierskap en 'n brein-gebaseerde benadering tot leer. Hy is betrokke by indiensopleiding van onderwysbestuurders en onderwysers in minderbevoorregte gemeenskappe. Hy dien op die hoofbestuur van die VCHO.

Fokus van referaat

Die volgende kenmerke van Christelike onderwys en opleiding word elk toegelig:

- Skrifgebonde

- 'n Christelike onderwysfilosofie
- 'n Christelike opvoedings- of opleidingsdoel
- Christelike vakonderrig
- Christelike beheer van onderwysinstellings
- Christelike bestuur van onderwysinstellings

Daaruit volg die praktiese implikasies van elk van die bogenoemde waaronder byvoorbeeld die volgende tel:

- Leerders behoort blootgestel te word aan 'n samehangende beeld van die werklikheid wat geïntegreer word deur die aanbieding van die kurrikulum vanuit 'n Christelike perspektief. Dit sluit in 'n Christelike perspektief op elke vakwetenskap of skoolvak.
- 'n Kurrikulum met genoeg breedte en diepte behoort aangebied te word om leerders voor te berei op liefdesdiens uit dankbaarheid, wat die grondslag vorm vir verdere opleiding vanweë die gehalte van blootstelling aan die skepping in elke vak.
- Blootstelling behoort gebied te word aan 'n Christelike lewens- en wêreldbeskouing deur die werking van die skoollewe in alle fasette daarvan, insluitende die beheer en bestuur daarvan, en die Christelike werksetiek daarin.
- Leerders behoort blootgestel te word aan Christelike kritiese denke, wat impliseer dat die inwerking van humanistiese en ander religieuse oortuigingsraamwerke uitgewys word en die Christelike daarteenoor gestel word. Dis belangrik dat die leerder nie in humanistiese waardes en norme opgevoed word nie, weens die impak van afvallige oortuigings op die daaglikse bestaan binne die Westerse kulturele onderwysnalatenskap.



Prof. Johan Bosman

Is 25-jaar getroud met Stephanie. Hulle is geseënd met vyf kinders, waarvan die oudste pas die Baccalaureus met lof voltooi het. Die tweede oudste is nog besig met die Baccalaureus, terwyl twee spruite op hoërskool ingeskryf is en die jongste in graad 6 getuisskool word.

Sy akademiese loopbaan begin by die Universiteit van Pretoria, waar hy die grade BA en BD onderskeidelik verwerf. Daarna studeer hy in Nederland aan die Theologiese Universiteit, Kampen: Broederweg. Aan die destydse PU vir CHO verwerf hy die graad ThM, waarna hy aan die Noordwes-Universiteit (Potchefstroom Kampus) doktoreer met 'n PhD in Pastoraat, onder leiding van prof. dr. George Lotter.

Reeds in 1994 word hy gekonfronteer met die kwessie van leefkonteks in verhouding tot Christenskap, toe hy as Sendeling die beroep na Mamelodi opvolg en sedert 1997 ook klasgee by Mukhanyo Theological College, Kwa-Ndebele, aan studente uit verskeie Afrikalande.

Met ingang 2009 word hy benoem tot professor aan die Afrikaanse Protestantse Akademie en hanteer sowel die Dia-koniologiese as die Missiologiese vakke. Sy navorsing spits veral toe op lewens- en wêreldbeskouing in verhouding tot Kerk en Samelewing.

Vervolg op bl. 8

Vervolg van bl. 7

Hy is op die oomblik ook dekaan van die Teologiese Fakulteit aan die AP Akademie.

Fokus van referaat

Elke gesin is ontwerp om kultuur te beoefen en kultuur te wees. Taal, gewoontes, tradisies, en menige onuitgesproke vooronderstellings vorm alles deel van die ontstaan en bestaan van elke gesin. Sonder twyfel – noodwendig – word kinders en jongmense gevorm en geslyp in die kultuur van die gesin.

Dis eenvoudig dwaasheid om kinders en jongmense aan hulleself oor te laat, sodat hulle op hulle eie moet leer of vir hulleself besluite maak, sonder 'n doelbewuste ondersteuningsproses van vorming en begeleiding in konsekwente Christenskap. Wie die jeug laat begaan, kinders en jongmense, nooi as't ware nie-Christelikes om asseblief tog die vorming te doen, met katastrofiese gevolge vir sowel kerk as samelewing.

Die gevestigde vormings-trio: gesin – skool – kerk, sluit by alle ander aspekte hierdie onmisbare bondgenootskap met mekaar, naamlik: om kultuur-invloede te monitor. Een ding moet vir die kind bo alles duidelik wees. “My huis is veel meer as bloot 'n plek waar ek mag slaap en eet.” “My skoolopleiding wil veel meer bereik as bloot net om uiteindelik self ook geld te verdien.” “My deel wees van ons plaaslike kerk is veel meer as bloot net om te sing en te bid.” “Gesin – Skool – Kerk wil my onderrig en vorm tot *mens van God – vir elke goeie werk volkome toegerus.*”

Mev. Lucia van Wyk

Matrikuleer aan Hoërskool Hoëveld in Morgenzon.

Verwerf BA (HOD) aan Universiteit van Pretoria.

Getroud met Fanus; een seun, Hannes.



Beroepsloopbaan:

Gee Afrikaans aan Hoërskool Pietersburg, Lyttelton Manor High School en ander skole. Ook Geletterdheidsopleiding aan volwassenes en immigrante.

Groepleier vir Afrikaans in die Streek D4, Pretoria.

Dien in handboekkeuringskomitee vir DBO, hersien Bybelonderrig-handboeke en stel werkboeke vir BCVO saam.

Betrokke by die loodsprojekte vir akkreditering van onafhanklike skole by Umalusi. BCVO Ontwikkelingsbestuurder en later Uitvoerende Hoof.

Ander aktiwiteite:

Betrokke by Radio Kansel en advertensies vir die Sauk.

Dien op verskeie besture, naamlik CVO Skool Pretoria, Tradisionele Boeredansvereniging, Vrouediens van die kerk en Vroue Landbou-unie.

Regisseur van versdrama, Die Lange Hoop, asook verskeie eenbedrywe, operettes, konserte, redenaars en kunswedstryde by skole.

Stokperdjies: Naald- en borduurwerk, blommerangskikking en lees.

Fokus van referaat

'n Kwalifikasie van waarde, is die hoogtepunt van enige leerling se skoolloopbaan. Dit word bereik na 12 jaar se goeie hoë standaard onderrig wat nasionaal en internasionaal erken word en

'n leerling as mens voorberei en toerus vir die lewe na skool. Die realiteit tans is dat voornemende studente eers toelatingseksamens by al die tersiêre instellings moet aflê, voordat hulle toegelaat word. Vanweë die onvoldoende standaard van onderrig vereis instansies dat kandidate oorbruggingskursusse in sommige vakke doen, voordat hulle met die gewone kursus kan voortgaan. Die Buiteland vereis selfs tot twee oorbruggingsjare.

Dit is nie net die gehalte-onderwys wat afneem nie, maar godsdiens, taal en kultuur is ook in die spervuur. Die aantal Afrikaanse skole neem drasties af, alle godsdienste word gelykgestel, die Afrikanerkultuur en -geskiedenis word ontken of verdraai. Dit is dus noodsaaklik om na alternatiewe te soek, want die Onderwys in Suid-Afrika is in krisis.

Die vestiging van 'n volledige onafhanklike onderwysstelsel op alle vlakke van onderwys is dringend noodsaaklik. 'n Stelsel met:

- 'n onafhanklike gedifferensieerde kurrikulum met onder-righulpmiddels;
- 'n evalueringsliggaam wat die gedifferensieerde kurrikulum evalueer; en
- 'n akkrediteringsafdeling wat skole en eksamens akkrediteer om standaarde in alle opsigte op alle vlakke te verseker om nasionaal en internasionaal erken te word.

Die Instituut vir Privaat Onderwys (IPO) is 'n onafhanklike Maatskappy Sonder Winsoogmerk wat die verskil kan en gaan maak as onafhanklike inklusiewe onderwysstelsel op alle vlakke wat wêreldwye erkenning sal geniet.

Onderwys is 'n magtige wapen wat die wêreld kan verander en IPO neem die wapen op.

Vervolg op bl. 9

Referente

Vervolg van bl. 8



Ds Willem van Schalkwyk
Willem Jacobus Albertus van Schalkwyk is op 29 Julie 1970

gebore. Hy behaal sy opvoedkundige kwalifikasie aan die Hoërskool Nylstroom. Hy studeer verder aan die Universiteit van Pretoria en die Afrikaanse Protestantse Akademie en behaal die grade BA en BTh. Hy is in 1995 getroud en die egpaar het drie dogters. Hy tree tot die bediening toe in 1996 en bedien die gemeentes Hartbeespoort, Thabazimbi en die kombinasie Arnot/Hendrina en Belfast van die Afrikaanse Protestantse Kerk. Hy is vir verskeie publikasies verantwoordelik, waarvan o.m. oor die Eerste en Tweede Tafels van die Wet en oor die Uitverkiesing.

Hy stel ook Bybelonderrig-handboeke vir grade 10 en 11 op oor die Sedeleer en Geloofsleer onderskeidelik. Hy dien sedert 2004 in Sinodale kommissies van die AP Kerkverband, waarvan o.m. dié vir Kerkleer en Christelike Etiek, dié vir Kerkregtelike Sake en in die Kuratorium. Hy dien ook op die direksie van die BCVO en is sedert 2009 die voorsitter. Hy bied Bybelonderrig-leerplanne vir grade 4 tot 12 aan aan 'n plaaslike skool. Hy neem ook deel aan die 7voor7 godsdienstprogram van Radio Pretoria.



Onderwyskongres 3-4 Maart 2016: Mosie

Voorsteller: Sekondant:

Bewoording:

.....
.....
.....
.....
.....
.....
.....
.....
.....

Onderteken:

Voorsteller

Sekondant

Christelike opvoeding aktueel en relevant

Geneem uit: Voed hulle op, afd. A, hfst. A1 (ble. 22-27) deur prof. Pieter Stoker

(Vervolg op die eerste deel wat in die Sept/Okt-uitgawe van ons blad verskyn het)

Christelike onderwysvisie

In 'n Christelike onderwysvisie funksioneer die inhoud van die onderwys (kennis, insigte, waardes en houdinge) op vier maniere:

- ❖ Die inhoud is 'n middel om leerlinge so goed as moontlik voor te berei op die uitoefening van hulle take (roeping) in hierdie wêreld.
- ❖ Die inhoud is ook 'n middel om leerlinge te leer om in die hier-en-nou van hulle kinderlewe te funksioneer, bv. deur sosiale vaardighede. *By hierdie en die eerste funksie kan die inhoud van die toerusting gesien word as instrumenteel tot diens aan God en die naaste.*
- ❖ Die inhoud van die onderwys funksioneer ook in 'n persoonsvormende taak met as kern Christelike waardes en 'n normatiewe houding. *Hierdie vormende taak sluit in eenskappe soos roepingsbesef, deursettingsvermoë, kreatiwiteit, respek vir gesag, respek vir God se skepping, ensomeer.*
- ❖ Die inhoud van die onderwys moet die kind ook vorm om God as Skepper en Onderhouer van alle dinge te leer ken.


Christelike onderwys moet leerlinge toerus om hulle roeping uit te leef in ons huidige dinamiese samelewing. 'n Dinamiese samelewing vereis 'n dinamiese en veelvormige toerusting. 'n Proses van individualisme is kenmerkend van die huidige samelewing en staan lynreg teenoor die fundamentele menslike afhanklikheid

van God. Hierdie afhanklikheid bepaal ook die sosiale instelling van die mens. Die (jong) Christen moet met 'n besef van verantwoordelikheid teenoor God, sy taak in hierdie samelewing vervul.

Die mens is 'n sosiale wese deur die ek-jy-relasie. As eenling kan hy nie leef of werk nie. Hy is egter ook nie soos 'n kuddedier onderhorig aan 'n groep of aan 'n bepaalde lewensverband nie, soos evolusionistiese gedagtes dit dikwels in opvoeding en onderwys inskryf. Christene maak deel uit van 'n samelewing, waarin hulle 'n belangrike roeping het om te vervul. Hulle leef wel in die wêreld (as deel van 'n samelewing), maar is nie van die wêreld nie (in hulle Godgegewe roeping). Die wêreld staan onder die heerskappy van Christus, al besef die wêreld dit nie. **God se koninkryk begin hier op aarde, in die mens se rentmeesterskap van God se skepping.**

Christelike skool

God gee aan ouers kinders. *Kinders word elkeen met 'n eie uniekheid gebore.* Hy skenk aan elkeen 'n eie aanleg en talent, wat deur opvoeding en onderwys ontwikkel (in die sin van bekwaaammaking) moet word. **Menigvuldige faktore beïnvloed en vorm van buite af die grootwordende kind. Ons erken egter in die verloop van die lewe die leiding van God.** Hierdie erkenning mag nie tot 'n passiewe berusting lei nie, maar moet ons motiveer om, uitgaande van die goddelike opdrag, verbondskinders op te voed en te



onderrig. Christenouers dra 'n deel van hulle opvoedingstaak oor aan Christelike onderwys. Skool en ouers moet daarom ook as 'n eenheid saamwerk.

God het die wêreld met groot wysheid geskape, met 'n magtige rykdom van skepsele, waarin God Hom kan verlustig. God onderhou en bestuur die skepping elke oomblik tot 'n voleinding volgens sy Raadsplan. Die mens is die kroon van sy skepping, geskape na sy beeld. Hy het die reg dat elke mens Hom loof en aanbid vir die wondere van sy handewerk, waarvan ons deel is en wat ons elke oomblik aanskou. **God verwag ook dat die mens sy roeping (lewenstaak) sal vervul, waarvoor Hy hom met groot gawes na liggaam, siel en gees toegerus het.**

Die mens is veelvormig (pluriform): elkeen is uniek en word geroep tot 'n taak wat spesiaal vir hom bestem is en waarvoor hy met die nodige gawes en

Vervolg op bl. 11

talente toegerus is. Daarom verkry elkeen sy eie vermoëns en kwaliteite om sy roeping te vervul, met regstreekse verantwoordelikheid aan God.

Die mens, wat na die beeld van God geskape is, het van God die opdrag ontvang om as *rentmeester en verteenwoordiger van God* sy taak op aarde te vervul. Hy het daarom die verpligting om die skepping te versorg en in stand te hou. **Deur die sonde het die mens egter 'n selfsugtige uitbouter van die skepping geword, maar God het sy verbond met die mens in Christus herstel.** Kinders van gelowige ouers is daarom in Christus geheilig en hulle is sy eiendom. Hulle moet as **geroepenes** opgevoed word.

Algemene skoolfunksies is persoonsvormend, samelewingsvormend en beroepsvormend. Hierdie vorming is nie waardestry nie. (Waardes is daardie dinge in die lewe wat goed, gewens en belangrik is). Kinders moet voorberei en toegerus word om hulle roeping (ook lewensstake genoem) in die samelewing waar God hulle plaas, te volvoer, ook in hulle

beroepe in 'n veelvormige (pluriforme) samelewing. In hierdie voorbereiding en toerusting bly die verhouding tot God primêr. Christelike opvoeding se doel is dan ook om kinders te lei en te begelei tot 'n lewe, waarin hulle as geroepenes daarop gerig is *om God en die naaste te kan en te wil dien*. Die skool leer die leerlinge omtrent die waarheid van God se skepping en sy verbond met ons.

Om in 'n gesekulariseerde samelewing te kan leef, moet die kinders *weerbaar wees*. Hulle moet oor grondige kennis beskik en moet 'n normatiewe ingesteldheid hê. Hulle moet gevorm word om lewende lidmate van die Kerk van Christus te wil wees. Sosiaalgerigte toerusting is vanweë toenemende individualisme in ons tyd nodig. **Die toerusting wat 'n Christelike skool moet verskaf, behels daarom meer as slegs die oordrag van kennisinhoud of leerstof. Die vorming van waardes en norme, van houdings en van sosiale vaardighede is ewe belangrik.**

Onderwysinhoud het 'n belangrike instrumentele funksie. Dit beteken dat leerstof sodanig geselekteer, ingeklee en

onderrig moet word, dat dit relevant vir die lewenstaak is, inpas by die Christelike onderwysvisie en aansluit by die kind se konkrete verstaan en sy leef- en ervaringswêreld. Dit moet die kind se belangstelling prikkel en relevant wees. Die algemene taak van die skool is gevolglik om *opvoedkundig-verantwoorde onderwysleersituasies te skep*.

Die *kennis-inhoudelike taak* vorm die hoofsaak vir die Christelike skool. Die skool rus toe vir 'n lewenstaak, eerder as om ingestel te wees op leiding en begeleiding. In die kind is 'n persoonsvormbeginsel werksaam. Die Christelike onderwysvisie voorsien die vormende krag. Negatiewe neigings moet gekorrigeer word. Daarom is die idee van selfontwikkeling nie aanvaarbaar nie. Die ontwikkeling van 'n eie, genormeerde mening by leerlinge is egter baie belangrik. Die sonde is 'n steurende faktor in die onderwys. Daarom sal gelowige opvoeders wanneer nodig, regstellend optree om sondige neigings by kinders teen te werk.

(Word vervolg)



Die kruis-evangelie in gedrang: óf Jesus onnodig gesterf óf die Kruis is ons lewensaar

Emeritus-professor Fanie Riekert

Skriflesing: Gal 2:15-21

Die Kruis omseil of uitgeskakel óf omhels as ons lewe

Wanneer Paulus oor die evangelie praat, praat hy oor die Kruis van Christus. Hy was op baie gebiede insiklik, maar hy voel hom daartoe verplig om sterk standpunt in die neem teen mense wat, volgens hom, deur hulle verdraaiing van die evangelie die genade van God en

die algenoegsaamheid van Christus se offer nie tot hulle reg laat kom nie. Paulus stel iemand of 'n engel onder die vloek as hy/sy 'n kontraevangelie verkondig wat in stryd is met die evangelie wat hom gegryp het en daarom deur hom verkondig word. As ons die gekruisigde Christus voor oë hou, dan sal ons ons nie maklik laat verlei nie. Die evangelie plaas 'n taak op elke Christen om onverdraagsaam te wees met dié wat die

waarheid van die evangelie veronagsaam, ontken of wegwerk. Die mens wat dit verdraai is die grootste vyand van God en mens. Daar is twee redes waarom Paulus tot vervloeking oorgaan as mense aan die evangelie wil torring. Die eerste is dat die eer van Christus in gedrang kom. Tweedens, en onder-

Vervolg op bl. 14

In die onderwys kan geld wat stom is nie regmaak wat krom is nie

Hugo Hayes

Kriteria vir goeie onderwys

Gehalte en inhoud

As algemeen geldende kriteria vir die onderwys van 'n land word die gehalte daarvan, asook die kurrikulum (inhoud) as twee van die mees kritiese faktore aanvaar. Beide sal tot 'n baie groot mate die grondslag voorsien waarop goeie onderwys gevestig en uitgebou word, maar is beslis nie die enigste nie. Uit onlangse navorsing egter, wat oor die betekenis van gemelde faktore vir Suid-Afrikaanse openbare onderwys gedoen is, blyk dat, terwyl dit as ván die grootste oorwegings vir bestaande openbare onderwys geld, tot nog toe nie daarin geslaag kon word om gehalte-onderwys te bestendig nie.

In verskeie publikasies en verslae wat oor die afgelope jare verskyn het, word met die kwalitatiewe vraagstuk in SA-onderwys gehandel, wat blykens dié berigte nog nie na behore aangespreek kon word nie. Onderwyl kritiek teen beproefde onderwysmetodes van die verlede uitgespreek word, slaag die onderwysowerhede na langer as twintig jaar steeds nie daarin om die kwalitatiewe vraagstuk na behore onder die knie te kry nie. Daar word, bv., in onlangse bronne melding gemaak van die "extreme inequality" in werklik gemete leerlingprestasie en die relatief lae prestasiedrempel "across all groups", soos dit gestel word.

Dit blyk dat daar 'n wanpersepsie bestaan oor die uitdaging wat die telkens opgehaalde rasse-ongelykheid na bewering daarstel in die bevordering van gehalte-

onderwys. Dit gaan dan daaroor dat die onderwysstelsel tot dié mate gelykgeskakel word, deur vir toegang tot gelyke en gehalte-onderwys vir alle leerlinge voorsiening te maak, sodat die vraagstuk daardeur as vanself opgelos sou kon word. M.a.w. die valse idee dat volgehoue integratiewe onderwys as't ware die probleem met gehalte na behore kan oplos.

Gehalte-onderwys word aan die prestasie-differensiaal tussen soos dit gestel word voormalige "rasgebaseerde skole" en hulle voortgesette prestasie en die nuwe nie-rasgebaseerde skole en hulle prestasie beoordeel, met die rasioneel dat nie-rassige onderwys die norm vir Suid-Afrika geword het. Die uitgangspunt is dat die nie-rasgebaseerde skole beter behoort te presteer, wat egter nie die geval blyk te wees nie. In 'n resente verklaring word dit bv. so gestel:

The performance of New Schools (d.w.s. dié van ná 1994 – HH) is a source of concern as they could rightfully be expected to perform better than similar existing schools.

Maar dit gebeur nie, en 'n mens wil derhalwe vra of die rasbeheptheid 'n geldige maatstaf kan wees om die probleem met gehalte op te los. Veral die verhouding tussen sg. nie-rassige skole en die voormalige Wit skole is onder dié wat telkens vir beoordeling uitgesonder word. Die navorsing suggereer dat voormalige Wit skole hulle steeds in 'n bevoorregte posisie bevind, ten spyte van migrasie sedert die 1994-oorgang na sg. nie-rassigheid. Dit word toenemend duidelik dat die onopgeloste probleme nie aan die interne strukturele gebreke van die heersende onderwys-

sisteen self nie, maar aan die "bevoorregting van voormalige Wit skole" gewyt wil bly.

Kurrikulum

(Kyk ook die wesenlike betekenis van 'inhoud' in die opvoeding in die bydrae oor Christelike opvoeding onder die subhoof "Christelike onderwysvisie")

Die kurrikulum is 'n uiters belangrike ondersteunende komponent om gehalte-onderwys te verseker. Waar deur sommige aanvaar word dat dit eintlik slegs die breë meet-instrumente is wat regtig kan aandui hoe goed die land binne sy bepaalde streek vaar, neem Suid-Afrika, volgens bronne, nie daaraan deel nie, en waar wel gemeet kan word vaar die land maar swak. Daar is, volgens ván die bronne, selfs nie eers 'n vergelyking met sommige van die armer lande op die Afrika-kontinent te tref nie. Die meting d.m.v. verskeie instrumente lewer in elk geval nie 'n bemoedigende prentjie nie. Daar bly dus 'n ernstige probleem met gehalte-onderwys in Suid-Afrika voortduur.

Wat die vóór-1994 onderwysbedeling betref wil kritici beweer dat die kurrikulum wat vir afsonderlike onderwys, maar met aanwending van 'n gelyke paradigma voorsiening gemaak het, nie veel uitgerig het t.o.v. gedifferensieerde onderwys nie. Dit behels nl. die kriterium dat onderwys ooreenkomstig aanleg, voorkeur en vermoëns verskaf word. Hierdie navorsing bevestig dat een belangegroep nie tot bevrediging van veelvuldige

Vervolg op bl. 13

Vervolg van bl. 12

belangegroep onderwys kan voorsien nie. Algemene kritiek wat teen die vorige bedeling uitgespreek word is hoofsaaklik die taalkomponent (Afrikaans), die Christelik-nasionale karakter (religieus-kultureel), die oorheersend akademiese inslag, die afwesigheid van kritiese denke en die rasse- of gefragmenteerde basis. Teen hierdie tyd het dit bo twyfel duidelik geword dat die heersende onderwysbedeling weinig toleransie vir eiesoortige belange toon, al sou daar oor diversiteit hoog opgegee word.

Uit die navorsing blyk verder dat, hoewel die nuwe onderwysbedeling dit vir almal toeganklik wil maak, nie daarin geslaag word om wat as die gebreke van die verlede gesien word, reg te stel nie. Die resultate van die heersende onderwys weerspreek die idee dat dit oplossings bied vir die sogenaamde probleme van die verlede. In plaas van oplossings, word inderwaarheid meer en nuwe probleme geskep. Dit word o.m. gestel dat Uitkomstgerigte Onderwys (UGO) in 1997 as die nuwe onderwysmodel voorgestel is; bestempel as die panasee wat al die probleme van die vorige (vóór-1994) kurrikulum sou kon ondervang. Sedertdien moes daar met UGO weggedoen word, aangesien dit inderdaad klaaglik misluk het.

Die redes vir mislukking is veelvoudig, maar een van dié wat uitstaan is dat die plek wat inhoud (kurrikulum) in die opvoeding/onderwys inneem heeltemal geringgeskat/onderspeel is/word, waar die klem eerder op onderwys- en leerstrategie geval het. Die onderwysowerheid was ook meer daarop gesteld dat die onderwys aan politieke-ideologiese doelstellings sou beantwoord, d.w.s. van 'n nie-onderwyskundige aard is.

Toe UGO deur die nuwe Nasionale Kurrikulumverklaring (NKV) opgevolg is, is dit voorafgegaan deur 'n erkenning dat UGO misluk het. Die VCHO het dit trouens in sy vroeë vooruit-skouing van die onderwysmodel voorspel. Die nuwe onderwysbeleid, die NKV, is sedert September 2011 in werking, maar lok steeds weer kritiek uit. Dit word aanvaar dat dit na alle waarskynlikheid 'n meer vereenvoudigde en implementeerbare model daarstel, wat bedoel is om dit vir almal (leerling/onderwyser/ouer) veel makliker te maak, maar die intrinsieke probleme met die kurrikulum word steeds nie daardeur uit die weg geruim nie.

Misnoeë duur voort ondanks

Misnoeë wat oor die ná-1994-onderwysbedeling waargeneem word, is hewig en kom veral daarop neer dat (i) die skade wat daardeur aangerig is slegs teen groot koste herstel sal kan word. Dit word in elke opsig 'n duur onderwysbedeling vir Suid-Afrika en die vraag is: waar gaan dit eindig? (ii) Dit gaan moeilik om ouers gemotiveer te kry om daarmee te volhard noudat een geslag reeds die nadelige gevolge van nie goed deurdagte onderwys moet dra. (iii) Ten spyte van die groot insette en koste aangegaan, het leerlinge nie die basiese vaardighede aangeleer nie.

Leerlinge het, bv., nie die basiese vaardighede aangeleer sover dit lees, reken en skryf betref nie. Hulle is, volgens een bron, aan "high brow constructivist"-teorieë blootgestel, soos dit gestel word, wat hulle niks gebaat het nie. Baie het as gevolg hiervan die skool in vroeër stadia moes verlaat, d.w.s. sonder om te kwalifiseer, en die studente wat aan universiteite gelewer word,

het wat hulle toegerustheid betref, almeer verswak.

Identiteits(karakter-)vorming oorsien

Bogemelde indikatore van goeie onderwys, hoewel baie belangrik, is egter nie al wat goeie onderwys bepaal nie. In pas met ons Christelike oortuiging is daar verdere faktore wat in aanmerking geneem behoort te word, aangesien dit as ewe krities beskou word. Dit betref naamlik die hele saak van die identiteitsvorming. Enige mens in enige verband (gesin, skool ens.) moet kan identifiseer en dit geld ook die onderwys. Indien iemand, soos 'n leerling op skool, nie kan identifiseer met wat hom of haar aangebied word nie, sal so-een se opvoeding ook nie geslaagd wees nie, aangesien hy of sy min waarde daaraan sal heg. Waarna verwys word is natuurlik die religieuse en kulturele identiteite. Hierdie identiteite is deurslaggewend vir goeie opvoeding/onderwys en dit kan kwalik van iemand verwag word om te identifiseer met waarmee hy of sy nie kan vereenselwig nie. Die identiteitskwessie is tans een van die grootste krisisse in openbare onderwys en die samelewing.

Met die aanbreek van 'n nuwe (oorgangs-)bedeling vir die onderwys, was vroeëre/bestaande identiteite as 'n kontroversiële saak uitgesonder, sover dit die onderwysowerheid aangaan. Ten einde sg. nasiebou en kohesie onder 'n nuwe gemeenskaplike identiteit te bevorder, is die konsep eenheid in diversiteit ingevoer. Die klem was op 'n nuwe soort nasionale identiteit, waaraan tot hiertoe op talle wyses gepoog is om gestalte te probeer gee onder nuwe simbole. Inmiddels word wel vir eiesoortige religie en kultuur in die

Vervolg op bl. 14

Vervolg van bl. 13

grondwet voorsiening gemaak. Wat egter in die praktyk van die onderwys gebeur is 'n kontra-weergawe. Dit is goed te begrype dat die verhouding tussen dié twee pole deur intense spanning gekenmerk word, aangesien die klem op 'Afro-eenheid' geplaas word, ten koste van diversiteit. Enige suggestie van die behoud en handhawing van eiesoortigheid word derhalwe met openlike konfrontasie begroet. Dink maar aan die felle aanslag téén wat nog oorgebly het van die Afrikaanse kultuur en taal aan voormalige Afrikaanse universiteite.


Gevolgtrekking en slotsom

Suid-Afrika se onderwysgemeenskap het 'n onontwykbare belang by watter sóort onderwys gebied word. Daar is deur baie ouers in goedertrou aanvaar dat die onderwys van die nuwe nasionale onderwysmodel nodig en selfs onvermydelik sou wees, gegewe die werklikheid van die oorgang. Baie het waarskynlik nie kon

voorsien watter gevolge die nuwe onderwysbeleid, benadering en kurrikulum vir die opvoeding/onderwys van hulle kinders/jongmense sou inhou nie. Ouers en onderwysers het in hierdie gesindheid hulle ondersteuning gegee en hard gewerk om die onderwys te laat slaag.

Na meer as twintig jaar word deur navorsing oor en die resultate van die onderwys 'n beeld verkry van openbare onderwys wat in vele opsigte nie beantwoord aan die kritiese vereistes en voorwaardes vir goeie onderwys nie. Dit enersyds, maar andersyds die onbevredigende resultaat in terme van die vrug wat dit lewer, gemeet aan toegeruste en verantwoorde gereedheid en volwassenheid, wat 'n mens met ernstige bedenkinge laat. Intussen is baie geld in die sisteem ingepomp om dit 'n potensieel werkbare model te probeer maak. Die verhouding tussen die miljoene rande se finansiële bewilligings gedurende hierdie tyd vir opvoeding/onderwys, en die voortspruitende resultaat/vrug wat die onderwys dienoreen-

komstig behoort te lewer, is hoegenaamd nie gunstig nie. Meer en meer geld na die onderwys gekanaliseer, ten einde die knellende vraagstukke op te los, het geblyk 'n onproduktiewe poging te wees.

Ons Kongres oor die haalbare, praktiese Christelike alternatief word as 'n antwoord-in-verantwoordelikheid op die dilemma van die bestaande openbare onderwysbedeling aangebied. Christelik-gereformeerde opvoeding/onderwys staan as die voor-die-handliggende alternatief vir die gereformeerde Christenouer en -onderwyser. Dit bied die ruimte waarbinne die behandelde kriteria vir verantwoordbare onderwys na behore verreken kan word. Vir Christenouers en -onderwysers is die saak nie opsioneel nie, aangesien daar van hulle verwag, nee ge-eis word, om daardie keuses te maak wat ten opsigte van Skrif en belydenis verantwoord moet kan word, en dit nie in die eerste plek teenoormense nie. Dit is oor hierdie kwessies van lewensbelang dat die Kongres gereël is. 

Kruis-evangelie

Vervolg van bl. 11

geskik daaraan word die mens van sy saligheid beroof.

Die grootste moeilikheidmakers in die Kerk is nie persone buite die Kerk wat die Kerk teenstaan, bespot en vervolg nie, maar hulle binne die Kerk wat poog om die evangelie te verander. So word die Kerk moeite aangedoen.

Wat die evangelie primêr is

Dit is goeie nuus, nie primêr oor die berig van die Kindjie in die krip nie, of oor 'n jong man by die skrynwerkersbank nie, of oor 'n groot prediker in die velde van Galilea nie, en selfs nie oor die wonder van 'n leë graf nie. Al hierdie goeie nuus word evangelie in verhouding tot die Kruis. Sy dood was primêr nie 'n ver-toning van liefde nie; nóg 'n

voorbeeld van heroïsme, maar 'n offer vir sonde. Die Nuwe Testament leer dat Christus se dood 'n sondeoffer was – 'n unieke offerande waardeur ons sonde vergewe en daarmee weggedoen word – daarom het Hy 'n vloek vir ons geword. Hy het in sy regverdigheid ons met God versoen deur ons vloek of oordeel te dra wat ons sonde verdien het. Die aard van Christus se dood was as offerande vir ons sonde, die doel die redding uit die bose bedeling en sy oorsprong die genadewil van die Vader en die Seun. So het die sondeversoenende dood van Jesus beide 'n daad van selfofferande en 'n daad volgens die wil van God, die Vader wat Hom opgewek het, geword.

Ons gaan verder uitbou:

(i) Bedreiging uit die Kerk: Valse

pretensies in verband met ons geloofserfenis.

(ii) Trots op ons erfenis al glip dit ons uit die hande deur ongelowige geloof, 'n bedreiging uit die Kerk.

(iii) Nederig dankbaar dat alles van God Drie-enig afhang. Bedreiging te bowe gekom.

(iv Appèl) Uitgedaag om reguit volgens die evangelie van die Kruis te wandel.

I Bedreiging uit die Kerk: Valse pretensies in verband met ons geloofserfenis

Watter valse pretensie knaag aan die Protestantisme van ons tyd? Kom ons probeer dit vasstel deur sulke pretensies te vergelyk met die

Vervolg op bl. 15

pretensies waarteen Paulus onder die Judaïseerders stryd voer. As Jode was hulle trots op hulle afstamming en geskiedenis. Hulle was immers nie soos die heidenasies wat buite die verbond en sonder die wet gelewe het nie. Toegepas op die protestantisme kan ons trots wees op die historiese belangrike rol wat dit in die wêreldgeskiedenis gespeel het.

1. 'n Gedagte en lewe of ons die Christelike/reformatoriese lewe geërf het en dat dit bloot vererf kan word soos die Judaïseerders trots kon wees op hul Joodse erfenis. Paulus sê: Wat in die kern belangrik is vir die geestelike nageslag is dat dit in Christus Jesus is. Die ware evangelie is die evangelie van die Ou en Nuwe Testament; die engele het God self begin verkondig aan Abraham en Paulus het in sy dae aangehou om dié evangelie te verkondig! Hoe? die voorstelling van Jesus Christus voor die oë van mense as gekruisig. Dit bied op hierdie basis beide regverdigmaking en die gawe van die Gees. Dit vra net geloof, persoonlik. God het in hierdie sin nie kleinkinders nie, slegs kinders, want elkeen word salig deur persoonlik aan Jesus te glo en kind van God te word.

2. Daar is 'n moderne, ekumeniese beweging binne die Christendom wat vra en voortdurend vra dat ons leerstukke wat die hart van die evangelie en mitsdien die reformasie is, moet afwater. Daarmee saam gaan 'n gedagte dat ons oor die woorde, teologie en liturgie van die Kerk beskik. Die werklikheid is dat daar 'n konstante en onveranderlike element in die evangelie is. Die feit is nl. dat God as die outeur van die evangelie die gesag oor sy evangelie dra. Die Nuwe Testament bied die een evangelie eenduidig. Die evangelie het nie verander met die wisselende eeue nie. Alhoewel die aanbiedings mag wissel, die wese is dieselfde, of dit aan oud of jonk, oos of wes, aan Jode of heidene, aan wetenskaplike of gewone mense verkondig word. Die boodskapdraer het slegs gesag as hy getrou bly aan die goddelike opdrag en dan alleen kan hy/sy met

gesag spreek. Nóg Paulus, nóg die ander medewerkers het die vryheid om wat hulle moet verkondig te verander. Die aard van die boodskap maak die prediker waardig of maak die evangelie kwesbaar al het ons die wonderlikste pretensies van wat ons bevorder: broederskap van die mense, wêreldvrede en uitskakeling van oorlog. Ongelukkig heilig die doel ook hier nie die middele nie. Ons moenie ontspoor deur mense se persoon, gawes, amp en selfs leraarskap nie. Vermy die pretensie asof die Kerk óns Kerk is waarvoor óns beskik – ongelooflike pretensie!

3. Die beheptheid met 'n verwronge idee van godsdiensvryheid en -gelykheid en -geldigheid wat van 'n konstitusionele regsbeginnsel gemaak word tot 'n godsdiensstige waardeoordeel. Dit lei tot die ontkenning by baie van die uniekheid van Christus as Verlosser en beskou dit as arrogansie om so 'n stelling te maak. Dan kom die slotpretensie dat dit liefdeloos is, ja, intendeel, sondig is om godsdiensstige verskille binne die Christendom en selfs ten opsigte van ander (wêreld-) godsdiensstige te beklemtoon, en selfs daarvoor te praat.

Gee ons daaraan toe (valse pretensies), verloën ons so die waarborg van die outensiteit van die evangelie, nl. Genade in Jesus Christus. Soos Paulus as die dienaar van God absolute gehoorsaamheid aan Christus verskuldig is, is hy nie ingestel om mense te dien nie. Christus is vir sy dienaar die één wet of wil; sy werk die één diens; sy voorbeeld die één patroon; sy goedkeuring die voortdurende doel en sy finale aanvaarding die één groot hoop.

Daarom wil hy nie om die guns van mense werf nie; sy Meester is God. 'n Slaaf was gebrandmerk met sy eienaar se kentekens; so is hy gebrandmerk deur sy lyding – die brandmerk van 'n slaaf van Christus. As mense sal sien dat ons bereid is om te ly vir die geloof wat ons sê vir ons kosbaar is – dan sal hulle begin glo dat ons dit hoog ag. As dit ons niks kos nie, ons dit ook nie waardeer of ag nie. Daarom kan hy drie dinge handhaaf:

i. alles is genade, of ons is volkome buite genade;

ii. alles is geskenk van God, of alles moet ons voor God self verdien;

iii. alles het Christus vir ons verdien, of alles is menslike prestasie.

Hierdie pretensies ter sprake gee nie voor om almal of slegs die grootstes te wees nie. Ons behoort al in te sien dat as dit waar sou wees, dan kon ons Christus die Kruis gespaar het. Een van die groot foute van die kontemporêre kerk is die neiging om sonde en oordeel in watter toe te draai. Slegs wanneer God se wet en wil hooggeag word, sal die redding na waarde geskat word. Die evangelie sonder sondebeseft is om pêrels voor die varke te gooi. Mense kan nie die skoonheid van die pêrels raaksien nie, omdat hulle nie weet van die vuilheid van die varkhok nie. Niemand het al ooit die evangelie reg waardeer voordat die Wet eers aan hom/haar opgedring is nie. Dit is eers teen die donkerte van die agtergrond van die sonde, verlorenheid en oordeel dat die evangelie helder kan skyn.

Samevatting

Kom ons vat saam: Daar kan verskillende evangelies bedink en verkondig word, maar hulle is wat hulle is, verskillend van die EEN evangelie. Daar is nie 'n ander nie – 'n tweede of derde evangelie nie. Die Judaïseerders het nie 'n alternatiewe evangelie gebring nie, maar 'n verdraaide een wat geen evangelie is nie. So 'n een sou (1) 'n streep trek deur die evangelie; (2) noodwendig lei tot geen evangelie nie; en (3) ons reddingloos te staan bring voor die probleem van sonde. Mense kan dink hulle het hulle tot 'n ander evangelie gewend en, selfs al praat hulle van evangelie, is dit geen evangelie – met krag om te red nie. So verskil dit van die ware evangelie wat Paulus verkondig het.

Dan is die vers waar: As regverdigmaking deur die wet is, het Christus tevergeefs gesterf. Ons kan dit uitbrei: as regverdigmaking op enige ander manier gerealiseer sou kon word, sou Christus tevergeefs of onnodig gesterf het.

(Word in ons volgende uitgawe vervolg – Red.)

Bedankings

Ons bedank graag die volgende persone en instansies, wat dit moontlik maak om die kongres aan te bied:

- Die referente: ds. Hannes Noëth
dr Morné Diedericks
prof. Johan van Niekerk
dr Wickus Buys
prof Johan Bosman
ds. Willem van Schalkwyk
mev. Lucia van Wyk
- Die Instituut vir Christelike Onderwys, die Akademie Reformatoriese Opleiding en Studies (AROS) en die Afrikaanse Protestantse Akademie vir die beskikbaarstelling van hulle hoofde, dosente, dominees en amptenare, insluitend die gemeentes van Arnot/Hendrina.
- Ds. Ronald Bain en Prof. Koos Adendorff vir die waarneming van die opening op 3 en 4 Maart onderskeidelik.
- AROS vir die beskikbaarstelling van hulle gebouekompleks en geriewe vir die hou van die kongres.
- Maroela Media, Pretoria FM., Radio Overvaal en Ditsem Nuus
- Gereformeerde Skool Dirk Postma wat die verversings en etes voorsien.
- Elkeen wat die moeite gedoen en die tyd ingeruim het, te midde van hulle eie besige programme en skedules om die kongres by te woon.

Die Hoofbestuur van die VCHO verklaar hiermee dat die standpunte van outeurs in *Roeping en Riglyne* nie noodwendig die amptelike standpunt van die VCHO is nie.

ROEPING
en
RIGLYNE

REDAKTEUR: Ds C. Bester
KERNREDAKSIE: Prof A.W.G. Raath,
Prof D.F.M. Strauss.



Die Uitvoerende Beampte
Posbus 1824
Van Schalkwykstraat 21, Universitas
Bloemfontein
9300 / 9301

Tel. (051) 525 2267 of
(051) 525 2341
Faks (051) 522 4513
E-pos: vcho@mjvn.co.za
Tuisblad: <http://www.vcho.co.za>

HOOFBESTUUR

Prof A.W.G. Raath (Bloemfontein, Voor-
sitter), Prof P.H. Stoker (Potchefstroom,
Ondervoorsitter), Prof E.J. van Niekerk
(Pretoria), Ds S. le Cornu (Carleton-
ville), Ds R. Bain (Potchefstroom), Prof
I.H. Horn (Pretoria), Dr H.G. Stoker
(Potchefstroom), dr A.L.A. Buys (Pre-
toria) en mnr M. Diedericks, (Pretoria).

Gekoöpteerde lede: Prof J.A.E. Aden-
dorff (Germiston).

Uitvoerende Beampte: Mnr H.J. Hayes